

Vraag 1

- 1.2 Baie kandidate het duidelik nie die 5 getal-opsomming geken nie, maar kon wel die mond-en-snor diagram teken. Baie het ook die gemiddelde as deel van die 5 getal-opsomming ingesluit.
- 1.3 Die mond-en-snor diagram moet akkuraat geskets word.
- 1.4 Meer leiding is nodig met die interpretasie van vrae. Baie kandidate het nie verspreiding bespreek nie, maar wel maandelikse reënval.
- 1.5 Word kandidate geleer om hierdie vraag op die sakrekenaar te doen? Die lang metode gee aanleiding tot baie foute.

Vraag 2

Die wiskunde was nie die problem nie, maar wel die interpretasie van die vraag. Die taalgebruik bly 'n probleem vir kandidate wat die vraestel nie in hulle huistaal beantwoord het nie. Baie het die vermindering van tyd as negatief beskou. Baie van die vrae is nie goed beantwoord nie aangesien daar te veel moontlike antwoorde was.

- 2.1 Die antwoord was dikwels 'n raaiskoot en het nie ooreengestem met 2.2 nie.
- 2.2 Verbinding van punte is nie reg nie.
- 2.3 Baie kandidate weet nie wat *tendens* beteken nie.
- 2.6 Die grafiek en kandidate se antwoorde het dikwels geen verbintenis gehad nie.

Vraag 3

Die feit dat die ogief gegee is, het kandidate onkant gevang. Onderwysers moet klem lê op hoe om inligting van die ogief af te lees.

- 3.1 Kandidate het nie die begrip *kumulatiewe frekwensie* verstaan nie.
- 3.3 Kandidate het nie intervalle gebruik nie, maar net eindpunte, bv. 10; 20; 30.

Vraag 4

Alhoewel baie kandidate die vraag suksesvol beantwoord het, het baie oor min vaardighede beskik om hierdie roetinevraag te beantwoord. Dit was ietwat verbasend dat kandidate verkeerde formules gekies het en nie met veranderlikes kon werk nie.

- 4.1 Die onvermoë om $\tan \theta = m$ te gebruik was teleurstellend.
- 4.2 Kabdicate kon nie die verband tussen t en die gradiënt raaksien nie.

4.3 Die groot probleem hier was om 'n vergelyking op te stel deur die afstandformule te gebruik. Baie het vroegtydig aanvaar dat $\angle ABC$ 'n regtehoek is.

4.5 Kandidate het verkeerde punte gebruik om die lyn se vergelyking deur C te bepaal.

Vraag 5

5.1 Geen probleme nie.

5.2 Kandidate moet leer om linkerkant = regterkant bewysvoering te gebruik.

5.3 Redelik goed beantwoord, maar kandidate het nie volledig gemotiveer hoekom die lyn 'n raaklyn is nie. Baie kandidate het verkeerdelik gesê dat die lyn loodreg of ewewydig aan punt M is.

5.4 Goed beantwoord.

5.5 Baie kandidate het aanvaar dat gelykbenigheid 90° impliseer. Missien het hulle "hoek in halwe sirkel" gesien sonder om dit te sê.

5.6 Die belangrikheid van vorige antwoorde te aanvaar en te gebruik, moet beklemtoon word. Dit is nie nodig om alles weer van vooraf te bewys nie.

5.7 Kandidate se algemene fout was hulle afleiding dat Z, N en T middelpunte was. Die gebruik van trigonometrie en meetkunde maak dit definitief 'n hoërordevraag. Hersiening van basiese meetkunde moet gedoen word om hierdie afdeling volledig te kan beantwoord.

Vraag 6

Dit was ontstellend om daarop te let dat kandidate nie die reëls vir transformasie ken of verstaan nie. Die indruk is verkry dat kandidate by baie sentrums nie blootgestel word aan sodanige vrae nie, en dit is huis die area waar hulle maklik punte kan behaal.

6.1 Kandidate vermenigvuldig eenvoudig die oppervlakte met die skaalfaktor in plaas van met elke sy. Baie min kandidate het die betekenis van *rigiditeit* (starheid) geken. Vorm en grootte moet dieselfde bly om rigged te wees.

6.2 Algemene kennis van reëls vir transformasie was swak.

Vraag 7

Kandidate het met kloks- en anti-kloksgewys gesukkel. Weer eens was dit vir hulle 'n probleem om met verandeliktes te werk. Dit wil voorkom asof kandidate swak voorberei was vir hierdie afdeling.

Vraag 8

Oor die algemeen goed beantwoord of glad nie beantwoord nie. Kandidate het verkeerdelik vervang, bv. $\cos \theta$ i.p.v. $\cos \alpha$. Die terminaalsy is in die meeste gevalle in die verkeerde kwadrant geteken.

8.3 Net die uitbreiding is gegee sonder enige verdere vervanging.

Vraag 9

- 9.1 1^{ste} stap oor die algemeen goed beantwoord, maar vereenvoudiging het probleme veroorsaak.
- 9.2 Hantering van ko-funksies was swak. Omskakeling na skerphoeke (met korrekte tekens) moet gedoen word voor substitusie van waardes.
- 9.3 Algemene oplossings is swak gehanteer. Basiese kennis, asook faktorisering, het ontbreek.

Vraag 10

- 10.1 Die meeste kandidate het 1 punt verdien vir die neerskryf van die trig-uitbreiding van die formuleblad af.
- 10.2 Baie min kandidate het hierdie vraag aangepak.

Vraag 11

- 11.1.1 Die diagram was verwarrend. *Rigting* is in plaas van *peiling* gebruik. Basiese meetkunde kennis het weer eens ontbreek.
- 11.1.2 Weens die feit dat die kandidate eie konstruksies moes gebruik om die vraag te beantwoord, is dit gewoonlik uitgelaat.
- 11.2 Baie kandidate het die vraag aangepak, maar die verandering van die onderwerp van die formule was problematies.

Vraag 12

- 12.1 Kandidate het min aandag aan afsnitte en draaipunte gegee. Die skets van grafieke is veronderstel om roetinewerk te wees.
- 12.2 Kandidate kon nie die grafiek gebruik om hierdie vergelyking op te los nie.
- 12.3 – 12.5 Swak beantwoord. Meer aandag moet gegee word aan die interpretasie van grafieke. Kandidate het nie gesien dat $g'(x)=0$ die draaipunte was nie.